

Hessequa Voëlatlas Nuusbrief 3 – Januarie 2021

Opgestel deur Johan van Rooyen namens die U3A Stilbaai Voëlgroep

1. Kort opsomming

Die Voëlgroep van die U3A Stilbaai het 'n "interessante" atlasjaar beleef van 1 Desember 2019 tot 30 November 2020. Gedurende die jaar is sistematiese opnames in Hessequa gemaak vir die eerste jaar van die volgende tweejaarsiklus vir die monitering van voëlspesies vir die Suider-Afrikaanse Voëlatlasprojek 2. Die opnames is egter deur Covid-19 onderbreek en 25 van die herfsopnames kon as gevolg van die reisbeperkings nie gedoen word nie. Gelukkig is 2021 die tweede jaar van die tweejaarsiklus en die agterstallige opnames kan in die herfs van 2021 gedoen word. Die Voëlgroep is oorgehaal om dit te doen.

Die grendeltyd het egter aan die lede van die Voëlgroep geleentheid gegee om hulle tuinvoëls beter te leer ken. Tuinvoëllyste vir Jongensfontein en Stilbaai is in die proses saamgestel, asook 'n Covid-19 Voëlalbum met foto's wat in hierdie tyd vanuit die lede se huise en tuine geneem is.

Die entoesiasme waarmee foto's vir die Covid-19 Voëlalbum ingedien is, het die Voëlgroep laat besef dat hulle ook 'n bydrae tot die "Virtual Museum" kan lewer. 'n Groot aantal foto's is sedert Junie 2020 by die "Virtual Museum" ingedien en dit het 'n groot bydrae tot daardie projek se databasis gemaak.

Die Voëlgroep het steeds 'n baie goeie verhouding met al die grondeienaars in Hessequa en is tans in kontak met 146 eienaars. Die grondeienaars sal weer hierdie nuusbrief ontvang, asook 'n opgedateerde voëllys van hulle omgewing.

2. Agtergrond

Die U3A Stilbaai Voëlgroep is 'n groep van die [U3A Stilbaai](#) en meer inligting is beskikbaar op hulle webwerf.

Die U3A Stilbaai Voëlgroep is sedert November 2014 besig om opnames vir die Suider-Afrikaanse Voëlatlasprojek 2 (SABAP2) in die 75 pentades van Hessequa te doen. [Hessequa Voëlatlas Nuusbrief 1 - Desember 2018](#) is 'n lang nuusbrief en gee die agtergrond van SABAP2, asook die detail van die atlaswerk wat in die Hessequa omgewing deur die U3A Stilbaai Voëlgroep gedoen is vanaf November 2014 tot einde November 2018.

Teen einde November 2018 was die eerste doelwit van SABAP2 in Hessequa reeds bereik. Dit was om genoeg data oor die gebied in te samel om betroubare verspreidingskaarte van die spesies in die gebied te verseker. Lees Nuusbrief 1 gerus weer deur op die skakel hierbo te klik. Die werk wat tot daardie stadium gedoen is, is ook meer formeel in 'n artikel gedokumenteer wat in die "Biodiversity Observations" gepubliseer is. Dit kan gelees word by [2018: Systematic atlasing in Hessequa - From mapping to monitoring](#).

Die tweede doelwit van SABAP2 is die monitering van die wisseling en beweging van spesies oor tyd. Nuusbrief 1 verduidelik hoe die Voëlgroep van meet af aan ook aan hierdie doelwit aandag

gegee het. Dit is aanvanklik gedoen deur te verseker dat elke pentade minstens een keer per jaar in 'n opname gedek is en in latere jare twee keer per jaar. Hierdie poging is verder verfyn en vanaf November 2017 word die monitering in tweejaarsiklusse gedoen met elke pentade wat in die twee jaar een keer in elke seisoen van die jaar gedek word.

Die resultate van die eerste van hiedie tweejaarsiklusse (1 Desember 2017 tot 30 November 2019) is beskryf in [Hessequa Voëlatlas Nuusbrief 2 - Januarie 2020](#), en is ook meer formeel in 'n artikel in "Biodiversity Observations" gepubliseer en is beskikbaar by [2020: Systematic atlasing in Hessequa - First cycle of seasonal monitoring](#).

Al bogenoemde is ook baie kortliks opgesom in 'n YouTube video van 'n aanbieding wat Johan van Rooyen aan die "Biodiversity Development Institute" gemaak het. Dit kan afgelaai word by [Atlasing in Hessequa - Johan van Rooyen](#)

Hierdie Nuusbrief 3 lewer verslag oor die jaar vanaf 1 Desember 2019 tot 30 November 2020 wat die eerste jaar van die volgende tweejaarsiklus is. Dit beskryf die dekking wat bereik is, asook die uitdagings wat deur die Covid-19 inperkings veroorsaak is. Die inperkings het egter ook positiewe gevolge gehad, want dit het die Voëlgroep by ander burgerlike wetenskapprojekte ("citizen science projects") betrek en dit word ook in die nuusbrief gedek.

3. Vordering met atlaswerk in Hessequa vir die jaar van 1 Desember 2019 tot 30 November 2020


3.1. Vordering met kumulatiewe aantal volprotokolkaarte

Soos reeds in die agtergrond hierbo genoem word, atlas die Voëlgroep 75 toeganklike pentades in die munisipale gebied van Hessequa. Die kaart in Figuur 1 toon die gebied wat gedek word.




Figuur 1: Kaart van die Hessequa-atlasgebied

Gedurende die atlasjaar is 233 volprotokolkaarte vir die gebied by SABAP2 ingedien, 159 deur die Voëlgroep en 74 deur besoekers aan die gebied. Dit het die kumulatiewe aantal volprotokolkaarte vir die gebied sedert die aanvang van die projek in 2007, van 1 758 tot 1 991 verhoog. Die toename in kaarte per pentade word in die volgende twee figure getoon. Figuur 2 wys die kumulatiewe totale vir elke pentade tot 30 November 2019 en Figuur 3 die totale tot 30 November 2020. Die figure is vereenvoudig vanaf die vorige nuusbriewe om slegs die belangrikste inligting te toon. Die nommer van die pentade kan gekry word deur eers die breedtegraad op die y-as te lees en dan die lengtegraad op die x-as. Die nommer van die pentade aan die linkerkant bo is dus 3355_2045.



Figuur 2: Kumulatiewe volprotokolkaarte per pentade tot 30 November 2019



Figuur 3: Kumulatiewe volprotokolkaarte per pentade tot 30 November 2020


Die impak van die 233 volprotokolkaarte kan gesien word deur die individuele pentades in Figuur 2 met Figuur 3 te vergelyk, maar breedweg kan gesien word dat al hoe meer pentades na donkerblou verkleur het. Dit beteken dat hulle nou in die kategorie van 16-24 volprotokolkaarte val.

3.2. Seisoenale monitering

Die moniteringsmikpunt vir die jaar was weer 'n minimum van twee volprotokolkaarte vir elke pentade. Om 'n goeie verspreiding te verseker word die opnames in 'n skaakbordpatroon gedoen soos in Figuur 4 aangedui. Vir die jaar wat op 30 November 2020 gelindig het, was die doelwit om al die geel pentades in die somer en winter te atlas en die wit pentades in die herfs en lente. Die enigste uitsonderings is die twee blou tuispentades van Stilbaai-Wes en –Oos (3420_2120 en 3420_2125) wat in elke maand van die jaar gedoen word.

Die seisoene is nog steeds as volg:

- Somer – Desember, Januarie en Februarie
- Herfs – Maart, April en Mei
- Winter – Junie, Julie en Augustus
- Lente – September, Oktober en November



Figuur 4: Verspreidingsmikpunt. Geel pentades in die somer en winter, wit pentades in die herfs en lente, blou pentades een keer per maand

Om hierdie doelwit te bereik is 'n minimum van 170 volprotokolkaarte nodig. Teoreties sou die 233 volprotokolkaarte die skaakbordmikpunt maklik moes bereik. Ongelukkig het die Covid-19-inperkings beteken dat die laaste helfte van die herfseisoen skielik nie meer beskikbaar was om opnames te maak nie en 25 opnames het in die slag gebly.


Die inperkings het vir die eerste helfte van die winterseisoen ook gegeld, maar die Voëlgroep se opgekropte energie kon baie goed gebruik word om die doelwit vir die winter in die helfte van die tyd af te handel.

Figuur 5 toon die verspreiding van die voltooië volprotokolkaarte oor die seisoene. Elke pentade is hier in 4 blokkies verdeel met die somer in die boonste blokkie, gevolg deur die herfs, winter en lente in die onderste blokkie.

Die grys blokkies toon die pentades waar die herfsmikpunte as gevolg van die inperkings nie bereik is nie.

Die afwisseling van opnames oor die seisoen kan duidelik gesien word in die kolom onder opskrif 2100. In die boonste pentade is opnames in die herfs en lente gemaak, in die pentade net daaronder in die somer en die winter, dan weer herfs (nie gedoen nie) en lente ens. Die pentade regs van die boonste een het ook opnames vir die somer en winter gekry. Hierdie basiese patroon is oor die hele gebied gevolg.

Die effek van die 233 volprotokolkaarte wat heelwat meer is as die 145 wat as minimum benodig was (170 minus die 25 wat nie gedoen is nie) kan ook in Figuur 5 gesien word. Die ekstra kaarte word getoon as blokkies wat hoër kleure het as geel (1 kaart), of waar opnames in seisoene gedoen is wat nie as deel van die mikpunte gestel is nie. Hierdie addisionele opnames is meestal deur besoekers aan die gebied gedoen wat nie deur die Voëlgroep gekoördineer is, of kan word nie. Vir die projek is meer kaarte egter altyd beter.



Figuur 5: Verspreiding van die volprotokolkaarte oor die seisoene

Die geluk by die Covid-ongeluk is dat hierdie die eerste jaar van 'n volgende tweejaarsiklus is. Die Voëlgroep kan dus die 25 agterstallige herfsopnames in die herfs van 2021 doen. Dit sal 'n baie besige herfs wees.

3.3. Skakeling met grondeienaars

Die skakeling met grondeienaars word in Nuusbrief 1 in detail verduidelik. Die aantal grondeienaars met wie die Voëlgroep kontak het, groei steeds en staan tans op 149.

Die goeie verhouding wat die Voëlgroep met grondeienaars het is baie belangrik vir die projek en elke grondeenaar sal weer hierdie nuusbrief ontvang, asook 'n opgedateerde voëllys vir die toepaslike pentade.

4. Aktiwiteite tydens grendeltyd

Covid-19 het op 27 Maart 2020 'n skielike en harde werklikheid vir alle Suid-Afrikaners geword toe die grendeltyd op Vlak 5 ingestel is. Om die impak so effens meer draaglik te maak het die Voëlgroep twee aktiwiteite vir sy lede geloods. Die eerste was om weeklikse lysse te maak van al die voëlspesies wat vanaf hulle huise en tuine waargeneem is. Die tweede was om 'n album te maak van voëlfoto's wat deur lede uit hulle huise en tuine geneem is. Alle lede van die Voëlgroep is aangemoedig om deel te neem en die aktiwiteit was dus nie net beperk tot die 16 waarnemers (pare of individue) wat tot daardie stadium al aan SABAP2 deelgeneem het nie.

4.1. Vlak 5-grendeltyd gekombineerde voëllyste

Twee lysse is opgestel, een vir Jongensfontein en een vir Stilbaai. Die lysse is aangebring op die SABAP2 lysse van Jongensfontein en Stilbaai sodat dit ook duidelik is watter spesies nie in grendeltyd gesien is nie. Baie hiervan is natuurlik omdat hulle habitate nie vanuit huise en tuine gedek kon word nie.

- **Jongensfontein**

- 4 waarnemers (individue of pare) het deelgeneem en 15 lysse oor die 5 weke opgestel
- Die weeklikse spesietellings het gewissel tussen 44 en 48
- 60 spesies is oor die 5 weke aangeteken
- Dit is 86% van die totale aantal spesies van 69 wat op 6 volprotokolkaarte vir SABAP2 in April hier aangeteken is
- Die lys is beskikbaar by <http://www.u3astilbaai.org/birdgroup/documents/C-19-Jongensfontein-Vo%C3%ABllys.pdf>

- **Stilbaai**

- 19 waarnemers (individue of pare) het deelgeneem en 87 lysse oor die 5 weke opgestel
- Die weeklikse spesietellings het gewissel van 98 tot 101
- 128 spesies is oor die 5 weke aangeteken
- Dit is 85% van die totale aantal spesies van 150 wat op 23 volprotokolkaarte vir SABAP2 in April hier aangeteken is
- Die lys is beskikbaar by <http://www.u3astilbaai.org/birdgroup/documents/C-19-Stilbaai-Vo%C3%ABllys.pdf>

4.2. Covid-19 grendeltyd voëlalbum

Een album is saamgestel vir die foto's van Jongensfontein en Stilbaai en dit het groot aftrek gekry. 38 fotografe het honderde foto's ingestuur van 96 spesies. Die album is egter meer as net die getal spesies, want daar is heelwat foto's wat wys hoe jong voëls lyk en toon ook die

verskille tussen mannetjies en wyfies vir 'n groot aantal spesies waar dit van toepassing is. Die album kan gesien word by <http://www.u3astilbaai.org/birdgroup/photos.html>

5. Deelname aan die “Virtual Museum” projek

5.1. Agtergrond

Die [Virtual Museum](#) (VM) voorsien 'n platform vir burgerlike wetenskaplikes (“citizen scientists”) om bydraes te maak tot biodiversiteitsprojekte. Hierdie innoverende konsep is in 2005 deur die “Animal Demography Unit” van die Universiteit van Kaapstad ontwikkel. Dit word nou bestuur deur die [Biodiversity and Development Institute](#) ('n onafhanklike nie-winsgewende maatskappy) en die [FitzPatrick Institute of African Ornithology \(UCT\)](#).

Die VM versamel foto's, asook die datum en koördinate van waar die foto geneem is, vir 'n groot aantal projekte (sien hulle webwerf vir meer inligting) soos paddas, skoenlappers, soogdiere, naaldekokers, reptiele, skerpioene, spinnekoppe, voëls en nog veel meer. Die projek strek ook veel wyer as Suidelike Afrika en burgerlike wetenskaplikes in verskeie Afrika lande neem aktief hieraan deel.

Die databasis van die VM word gebruik vir verskeie doelwitte. Die gewildste gebruik is om verspreidingskaarte van spesies te skep deur gebruik te maak van koördinate van die foto's. Die VM skep voortdurend opgedateerde verspreidingskaarte vir duisende spesies in Afrika. Verspreidingskaarte wat op datum is, is 'n groot behoefte vir die bewaring van biodiversiteit. Sonder goeie kaarte is die bewaring van spesies hoofsaaklik raaiwerk.

'n Belangrike eienskap van die VM is dat die fotograaf glad nie die spesie wat afgeneem en ingestuur word, hoef te identifiseer nie. Die VM het panele van kundiges vir die verskillende projekte wat dit doen. Dit maak dit moontlik vir burgerlike wetenskaplikes om bydraes te maak sonder dat hulle enige detail kennis van die spesie het.

5.2. Stilbaai U3A Voëlgroep se bydrae tot die “Virtual Museum”


Die entoesiastiese deelname van die Voëlgroep se lede aan Stilbaai se grendeltydvoëlalbum het die Voëlgroep laat besef dat hulle 'n wesenlike bydrae tot die VM kan maak. Om die betrokkenheid aan te wakker en in stand te hou is die Hessequa Virtual Museum album op die U3A Stilbaai se webwerf geskep. Op hierdie album word foto's geplaas wat in die Hessequa gebied geneem is en wat reeds by die VM ingedien en geïdentifiseer is. Uit die aard van die Voëlgroep se aktiwiteite is daar 'n groot klem op voëlfoto's, maar lede word ook aangemoedig om foto's van ander spesies in te stuur. Die album het so gegroei dat dit al in 'n groot aantal sub-albums verdeel is vir maklike toegang. Hulle kan besigtig word by [Hessequa Virtual Museum](#).

Die jongste (31 Oktober 2020) weergawe van die Hessequa-album bevat reeds fotos van 247 voëlspesies uit 'n totaal van 330 spesies (75%) wat reeds in Hessequa opgeteken was teen 30 November 2020. Daar is reeds foto's vir die meeste van die spesies wat op meer as 1% van volprotokolkaarte aangeteken is. Dit sal uiteraard baie moeiliker wees om foto's van die skaars spesies te kry.

Die Hessequa-album bevat ook reeds foto's van spesies van die ander projekte as volg:

- Voëls met snaakse vere – 4
- Paddas – 1
- Skoenlappers en motte – 5
- Soogdiere – 24
- Naaldekokers en waterjuffers – 2
- Orgidieë – 1
- Wewerneste – 3
- Reptiele – 7
- Spinnekoppe – 5

Die Hessequa-album is egter net vir interessantheid en motivering en die eintlike vraag is wat die Voëlgroep se bydrae tot die “Virtual Museum” is. Die VM versamel inligting per kwartgraadvierkant (KGV), en die wat met die 75 pentades van Hessequa oorvleuel word in Figuur 6 getoon. Elke KGV is in rooi getoon en die grense van die 75 pentades van Hessequa in liggroen in die agtergrond.



Figuur 6: Kwartgraadvierkante wat met die 75 Hessequa-pentades oorvleuel

Tabel 1 hieronder wys die toename in die aantal voëlspesiefoto's vanaf April tot Desember 2020 in elke KGV. Die meeste van hierdie foto's is deur lede van die Voëlgroep ingedien. Die toename in spesiefoto's wissel tussen die KGVs, maar die gemiddelde toename vir al 15 KGVs is 265%.

Dit is dus baie duidelik dat die Voëlgroep 'n groot bydrae tot die VM in die Hessequa-gebied gemaak het.

Tabel 1: Toename in voëlspesierekords in die KGVs in die Hessequa-gebied

	KGV no	KGV naam	VM voëlspesies	
			4/4/2020	22/12/2020
1	3320DD	Warmwaterberg	22	64
2	3321CC	Muiskraal	28	51
3	3321CD	Sandkraal	0	9
4	3321DC	Langberg	4	70
5	3420BA	Suurbraak	48	74
6	3420BB	Heidelberg	31	144
7	3421AA	Groot-Kragga	35	124
8	3421AB	Riversdale	50	123
9	3421BA	Albertinia	73	85
10	3420BC	Malgas	34	93
11	3420BD	Kaap Infante	19	92
12	3421AC	Vermaaklikheid	32	83
13	3421AD	Stilbaai	64	181
14	3421BC	Rietvlei	23	59
15	3421BD	Gouritsmond	37	76
		Totaal	500	1328

6. Opsomming

Die U3A Stilbaai Voëlgroep het in die jaar van 1 Desember 2019 tot 30 November 2020 die moniteringsdoelwitte vir Hessequa grotendeels bereik. Dit is behalwe vir die 25 volprotokolkaarte vir die herfs wat weens die Covid-19 inperkings agterweë gebly het. Die atlassers van die Voëlgroep sal egter alles in hulle vermoë doen om hierdie agterstallige opnames in die herfs van 2021 te doen. Dit sal verseker dat die mikpunte vir die huidige tweejaarsiklus wel bereik word.

Lede van die Voëlgroep het die grendeltyd vanaf 27 Maart 2020 gebruik om hulle kennis van voëlspesies in en om hulle huise te verbeter deur lyste op te stel, asook om foto's te neem vir die Voëlgroep se Covid-19 Foto-album.

Dit het weer daartoe gelei dat lede van die Voëlgroep aktief aan die "Virtual Museum" se projekte begin deelneem het en teen die einde van die jaar reeds betekenisvolle bydraes tot die projek te lewer.

7. Erkennings

- 7.1. Al 149 grondeienaars wat steeds vriendelik en hulpvaardig toegang verleen aan lede van die Voëlgroep of wat net belangstel in die projek.
- 7.2. Al 18 atlassers (individue of pare) wat tot dusver opnames vir SABAP2 in Hessequa gemaak het en wat nog steeds bereid is om in te val by die prioriteite wat gestel word ten einde die Voëlgroep se doelwitte te bereik

- 7.3. Al die besoekers wat reeds vanaf die begin van SABAP2 in 2007 die basis in die Hessequa-gebied gelê het en steeds 'n beduidende aantal opnames elke jaar hier doen.
- 7.4. Al 23 waarnemers wat deelgeneem het om grendeltydvoëllyste vir Jongensfontein en Stilbaai op te stel.
- 7.5. Al 38 persone wat foto's ingedien het vir die Covid-19 Voëlalbum.
- 7.6. Al 19 individue of pare wat foto's instuur na die "Virtual Museum" projek.
- 7.7. Die administratiewe en tegniese personeel van SABAP2 wat altyd gereed is om navrae oor probleme met atlaskaarte te hanteer en wat al die "Out-of-Range Forms" met groot professionaliteit afhandel.